KAMP NAKUPHI

Beste Voortrekkervriende

Die jaar 2020 het ons almal onkant gevang. As gevolg van die Covid-19 pandemie het die hele wêreld verander en ons elkeen moes persoonlike opofferings maak om aan te pas en mekaar veilig te hou. Die skooljaar is ontwrig, Voortrekkeraktiwiteite het tot stilstand gekom en ons alledaagse leefwyse het radikaal verander.

Noudat die ergste verby is, beleef ons 'n opgewondenheid om weer na die normale terug te keer. Ons almal smag daarna om weer saam op avonture te gaan en saam om kampvure te kuier.

Kamp Nakuphi het nog altyd die veiligheid van ons jeug- en volwasselede hoog op die prys gestel. Die kampbestuur het nog altyd alles moontlik gedoen om risiko's aan te spreek en maatreëls in plek te stel om aan elkeen wat Kamp Nakuphi bywoon, 'n veilige kampervaring te bied.

In die lig van hierdie kultuur van veiligheid en omgee het die kampbestuur van Kamp Nakuphi bepaal dat die nodige veiligheidsmaatreëls nie vanjaar tydens die kamp toegepas kan word nie. Die aard van Kamp Nakuphi se geriewe en Voortrekkeraktiwiteite maak die praktyk van sosiale afstand, die dra van maskers en saniteringsprotokolle onhaalbaar.

Daar sal dus nie in 2020 'n Kamp Nakuphi plaasvind nie. Hierdie besluit was nie ligtelik geneem nie en dit is die eerste keer in 20 jaar wat Kamp Nakuphi nie sal plaasvind nie.

Alhoewel die nasionale staat van inperking op vlak-1 verligting op wetgewing bied, is die kampbestuur van mening dat ons verantwoordelikheid teenoor mekaar se veiligheid meer waarde dra.

Kamp Nakuphi wil graag ook sy solidariteit en meegevoel uitdruk teenoor die mense wat direk deur die pandemie geaffekteer is, en ook ons waardering teenoor die noodwerkers wat op die voorfront van die stryd is uitspreek.

Mag God julle seën en veilig hou, tot ons mekaar weer sien.

Groete,

Jaco van der Walt

Kampleier